

BYSTANDSPOLIS BROSJURE



BYSTANDSPOLIS BROSJURE

Definisies

BYSTANDSPOLIS

is 'n lewenspolis ten opsigte waarvan die totaal van:

- a) die waarde van die polisvoordele, behalwe 'n annuïteit*, wat verskaf staan te word (sonder inagneming van enige bonusse wat na goeddunke van die langtermynversekeraar bepaal staan te word); en
- b) die bedrag van die premie in ruil waarvoor 'n annuïteit* verskaf staan te word, nie R18 000 oorskry nie, of 'n ander maksimum bedrag deur die Minister voorgeskryf; en ook 'n herversekeringspolis ten opsigte van sodanige polis.

Annuïteit

'n Vaste bedrag wat oor 'n vaste tydperk, dikwels die lewensduur van die polishouer, op bepaalde intervalle as teenprestasie vir 'n premie betaal word.

Poliskontrak

'n Poliskontrak is 'n regsdokument wat deur 'n versekeringsmaatskappy uitgereik word, wat die polisnommer en die besonderhede van die voordele, die premies en die bepalinge en voorwaardes bevat.

OPSOMMING VAN, INSAE IN EN AFSCRIF VAN BYSTANDSPOLIS

Indien jy 'n bystandspoliskontrak aangaan, is jy geregtig op 'n opsomming van minstens die volgende aangeleenthede:

- a) die vertoë wat jy aan die versekeraar gerig het of wat namens jou gerig is, wat deur die versekeraar beskou word as belangrik vir sy beraming van die risiko's kragtens die polis;
- b) die premies betaalbaar en die polisvoordele wat kragtens die polis verskaf moet word; en
- c) die gebeurtenisse ten opsigte waarvan die voordele verskaf staan te word en die omstandighede (indien enige) waarin daardie voordele nie verskaf staan te word nie.

Die opsomming moet binne 60 dae van die aangaan van die polis aan jou verskaf word. Die polishouer is daarop geregtig om, op sy of haar versoek, 'n afskrif van die polis te ontvang.

ADMINISTRATEUR

beteken 'n persoon wat 'n skriftelike mandaat van 'n versekeraar het om administratiewe werk ten opsigte van 'n besondere bystandsakegroepskema te doen en wat ingevolge die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, -

BYSTANDSPOLIS BROSJURE

- 2002 (Wet No. 37 van 2002), as 'n verskaffer van finansiële dienste of 'n verteenwoordiger soos in die Wet beoog, gelisensieer is.

BYSTANDSAKEGROEPSKEMA

beteken die verskaffing van polisvoordele kragtens 'n bystandspolis aan 'n groep waar-

- a) die polishouers individuele persone is;
- b) geen individuele onderskrywing plaasvind nie;
- c) die individu wie se lewe verseker is regstreeks of onregstreeks premies betaal;
- d) die polis deur enigeen van die partye by die polis gekanselleer kan word; en
- e) die polis slegs termyndekking het (dit beteken die polis is slegs vir 'n spesifieke tydperk in plek en nie vir die lewensduur van die polishouer nie).

LANGTERMYNVERSEKERAAR

beteken 'n persoon geregistreer of geag geregistreer te wees as 'n langtermynversekeraar kragtens die Wet wat deur die Raad op Finansiële Dienste (RFD) geadministreer word. Die langtermynversekeraar ontvang jou premies en moet in die geval van dood die voordele uitbetaal.

POLISVOORDELE

beteken een of meer somme geld, dienste of ander voordele, ook 'n annuïteit.

Die polishouer is daarop geregtig om aan te dring dat 'n bystandspolisvoordeel wat op 'n ander wyse as 'n bedrag geld uitgedruk word, as 'n bedrag geld verskaf word, in welke geval die bedrag geld gelyk moet wees aan die koste wat die langtermynversekeraar sou aangegaan het indien die polisvoordeel op 'n ander wyse as 'n bedrag geld verskaf sou word. Die bedrag geld mag nie meer wees as R30 000 nie.

POLISHOUER

beteken die persoon wat daarop geregtig is om die polisvoordele kragtens die polis te ontvang.

PREMIE

beteken die teenprestasie gelewer aan die versekeraar of wat aan die versekeraar gelewer moet word in ruil vir 'n onderneming om polisvoordele te verskaf.



BYSTANDSPOLIS BROJSURE

MEER OMSKRYWINGS (ingevolge verwante Wette en Regulasies)

Ombud vir Langtermynversekering

beteken 'n onafhanklike persoon wat jy as polishouer kan kontak indien jy 'n klag teen die versekeringsmaatskappy het. Die kontakbesonderhede van die Ombud word op die agterkant van hierdie brosjure aangedui.

UITSLUITINGS

beteken voorwaardes of siektes gemeld in die polisdokument waarvoor daar, indien dit tot die dood van die versekerde sou lei (die persoon of persone wat ingevolge die polis gedek word), geen voordeel betaal word nie.

VERSKAFFER VAN FINANSIELE DIENSTE

beteken 'n persoon wat ingevolge die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002, gelisensieer is om advies- of tussengangerdienste (soos premie-invordering) te verskaf.

VERTEENWOORDIGER

beteken (ingevolge die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002) enige persoon, met inbegrip van 'n persoon in diens van of opdrag gegee deur sodanige eersgenoemde persoon, wat 'n finansiële diens aan 'n kliënt lewer vir of namens 'n verskaffer van finansiële dienste, ingevolge voorwaardes van diens of enige ander mandaat, maar uitgesonderd 'n persoon wat klerklike, tegniese, administratiewe, regs-, boekhoukundige of ander diens in 'n hulp- of ondergeskikte hoedanigheid lewer, en welke diens-

- a) geen oordeelsuitoefening aan die kant van laasgenoemde persoon vereis nie; of
- b) nie 'n kliënt, in antwoord op algemene navrae, lei tot 'n bepaalde transaksie ten opsigte van 'n finansiële produk nie.

Wat jy oor bystandspolis se moet weet

'n Bystandspolis moet deur 'n langtermynversekeraar onderskryf word. Die polishouer moet 'n opsomming van die polis, of op versoek 'n afskrif daarvan, ontvang. Die volgende inligting moet aan die polishouer verstrek word:

- Die volle besigheidsnaam van die verskaffer van finansiële dienste of die verteenwoordiger en die langtermynversekeraar;
- die registrasienommer van die verskaffer van finansiële dienste of die verteenwoordiger en die langtermynversekeraar;
- die pos- en straatadresse van die verskaffer van finansiële dienste of die verteenwoordiger en die langtermynversekeraar;

BYSTANDSPOLIS BROSJURE

- die telefoonnommer en, waar toepaslik, die selnommer van die verskaffer van finansiële dienste of die verteenwoordiger en die langtermynversekeraar;
- die webtuiste en e-posadres van die verskaffer van finansiële dienste of die verteenwoordiger en die langtermynversekeraar;
- die naam en kontakbesonderhede van die toepaslike kontakpersoon of kantoor;
- die besonderhede van die verskaffers van finansiële dienste of die verteenwoordigers met wie die langtermynversekeraar skakel;
- die feit dat die verskaffers van finansiële dienste en die verteenwoordigers nie in diens staan van die langtermynversekeraar nie;
- die feit dat dit 'n kontrak tussen die polishouer/versekerde en die angtermynversekeraar is;
- die naam en kontakbesonderhede van die tersaaklike nakomingsafdeling (in die geval van 'n verskaffer van finansiële dienste of 'n verteenwoordiger sonder 'n nakomingsbeampte, die besonderhede van die hoofindividu);
- of die verskaffer van finansiële dienste geskikte waarborge of professionele skadeloosstellingsversekering verkry het al dan nie (indien nee, moet die langtermynversekeraar dit aan die polishouer openbaar maak);
- die premie betaalbaar en die voordele;
- die datum waarop dekking 'n aanvang neem;
- wat gedek en nie gedek word nie (uitsluitings);
- die wagtydperk;
- die eisprosedures; en
- die feit dat die polishouer die opsie het om die polisvoordele in die vorm van 'n begrafnisvoordeel of 'n kontantbetaling te ontvang.



BYSTANDSPOLIS BROSJURE

Vrae wat dikwels aan die verkoper gevra word en inligting wat hy of moet verstrek

1. V: Watter langtermynversekeraar verteenwoordig jy?

A: Die persoon wat die polis verkoop moet 'n bewys van verteenwoordiging verskaf, en die bewys moet ook op die aansoekvorm en polisdokument verskyn.

2. V: Wat is die polisnommer?

A: Dit is die nommer op die polisdokument wat aan jou uitgereik word.

3. V: Wie mag ek in die polis insluit?

A: Jy mag, afhange van die soort dekking, jou naaste familieledede insluit. Maak seker dat jy die regte dekking kies om hierdie opsie te gebruik.

4. V: Hoeveel moet ek betaal?

A: Jy moet die persoon vra wat die versekering aan jou verkoop. Maak seker dat jy die maandelikse premies van die polis wat jy kies kan bekostig.

5. V: Betaal ek per maand, per kwartaal of per jaar?

A: Vra die persoon wat die versekering aan jou verkoop.

6. V: Betaal ek vooruit of agterna?

A: Vra die persoon wat die versekering aan jou verkoop of jy aan die begin van die maand (vooruit) of aan die einde van die maand (agterna) moet betaal.

7. V: Hoe moet ek betaal?

A: Die meeste polisse laat mense toe om kontant of by wyse van 'n debiet- of aftrekorder te betaal. Maak seker dat jy verstaan hoe jy jou premie moet betaal.

8. V: Kry ek 'n kwitansie as ek kontant betaal?

A: Ja, jy moet 'n kwitansie kry. Maak seker dat die naam van die langtermynversekeraar op die kwitansie is.

9. V: Sal die premie in die toekoms styg?

A: Die premies van die meeste polisse word verhoog. Vra die verkoper van die versekering wanneer die premies verhoog word. Lees ook die polisdokument om hierdie inligting te bevestig.

10. V: Wanneer begin die dekking?

A: Daar is dalk wagtydperke wat in die polisdokument aangedui word.

BYSTANDSPOLIS BROSJURE

11. V: Wat is 'n wagtydperk?

A: Dit is die tydperk voordat dekking begin waarin jy nie op voordele geregtig is as die dood sou intree nie. Die polisdokument moet aandui hoe lank hierdie wagtydperk is.

12. V: Is wagtydperke van toepassing as die dood weens 'n ongeluk intree?

A: As die dood weens 'n ongeluk intree, is wagtydperke gewoonlik nie van toepassing nie. Die polisdokument moet egter aandui of 'n wagtydperk van toepassing is in die geval van dood weens 'n ongeluk.

13. V: Is daar enige uitsluitings?

A: Die uitsluitings word in die bepalings en voorwaardes van jou polisdokument uiteengesit.

14. V: Wat gebeur as ek 'n betaling oorslaan of ophou betaal?

A: Jy is nie langer gedek nie. As jy weer begin betaal, is die wagtydperk en die uitsluitings weer van toepassing.

15. V: Wanneer hou die dekking vir elke persoon op?

A: Jy moet volledige besonderhede oor die dekking ontvang, veral betreffende kinders.

16. V: Kry ek bewys van lidmaatskap?

A: Jy moet 'n polisdokument ontvang en 'n opsomming daarvan wat die versekerde persone, die bedrag betaalbaar, alle wagtydperke en die uitsluitings in besonderhede aandui.

17. V: Kan ek my dekking later vergroot?

A: Ja, jy kan te eniger tyd aansoek doen om 'n verhoging in die voordele wat in die polisdokument aangebied word, indien die polis daarvoor voorsiening maak. Jou premie is dan ook groter. Die uitsluitings en wagtydperke kan op die verhoogde voordele van toepassing wees.

18. Hoe eis ek in geval van dood?

A: Die eisprosedure word in besonderhede in die bepalings en voorwaardes van die polisdokument aangedui.

19. V: Kan ek my polis kanselleer?

A: Jy kan jou polis binne 30 dae van die betaling van jou eerste premie kanselleer en 'n volle terugbetaling ontvang indien jy nie vir 'n dood geëis het nie. Daarna kan die polis te eniger tyd gekanselleer word, maar geen premies word terugbetaal nie.

BYSTANDSPOLIS BROSJURE

20.V: Kan die hele polis na 'n ander langtermynversekeraar oorgedra word? Indien ja, wat gebeur volgende?

A: Dit kan gebeur, maar jy moet vooraf in kennis gestel en ingelig word hoe dit jou en die ander versekerde persone ten opsigte van al die bogenoemde kan raak. Die nuwe langtermynversekeraar moet 'n nuwe polisdokument aan jou uitreik. Indien jy daarvan oortuig is dat jou posisie nie dieselfde of beter sal wees nie, moet jy jou langtermynversekeraar so gou moontlik skakel.

21.V: Wat moet ek doen as ek 'n klag of navraag het?

A: Jy of jou begunstigdes moet julle navrae/klagte eers aan die langtermynversekeraar rig. Indien jy nie met die langtermynversekeraar se antwoord op 'n klag tevrede is nie, kan jy die klag by die Ombud vir Langtermynversekering of die RFD indien.

NB: Die besonderhede van die Ombud en die RFD moet aan jou bekend gemaak word. Dit is ook op die agterkant van hierdie brosjure beskikbaar.

BYSTANDSPOLIS BROSJURE



Kontakbesonderhede

OMBUD VIR LANGTERMYNVERSEKERING

Posbus 45007, Claremont, 7735

Tel : (021) 674 0951

E-pos: info@ombud.co.za

OMBUD VIR VERSKAFFERS VAN FINANSIËLE DIENSTE

Posbus 74571, Lynwood Ridge, 0040

Tel: 0860 324 766

Faks: (012) 348 3447

E-pos: info@faisombud.co.za

RAAD OP FINANSIËLE DIENSTE

Posbus 35655, Menlo Park, 0102

Straatadres: Riverwalk Office Park, Block B

41 Matroosberg Road, Ashlea Gardens Ext 6, Menlo Park, 0081

Tolvry Nommer: 0800 20 20 87 or 0800 11 04 43

E-pos: info@fsb.co.za / ced.consumer@fsb.co.za

Webtuiste: www.fsb.co.za



Hierdie boekie is die eiendom van die RFD. Toestemming vir kopiëring of gebruik moet skriftelik verkry word van die outeur: Afdeling: Verbruikersopvoeding, Raad op Finansiële Dienste, Posbus 35655, Menlopark, 0102.

E-pos: CED.consumer@fsb.co.za of skakel: 012 428 8000.